# Besigheidshulp

## Bepalings en voorwaardes

virseker
'n Produk van Auto&General

# Virseker Besigheidshulp

## Bepalings en voorwaardes

Ons het 'n trotse geskiedenis van toewyding en passie wat ons bystand tot die groei van klein tot mediumgrootte besighede regoor Suid-Afrika betref. Ons unieke produkte stel ons in staat om hierdie besighede te help om selfs verder te kan groei.

Ons dienste is gemik op die verskaffing van bystand en ondersteuning ten opsigte van die belangrikste besigheidsgebiede, naamlik: Tegnologie, Besigheidsbestuur, Finansies, Bemarking en Verkope.

Sommige kleinsake besigheidseienaars sukkel om die nodige professionele advies en mentorskap te kry wat hulle benodig - weens óf 'n tekort aan tyd of beperkte begrotings, óf eenvoudig omdat hulle nie weet waar om sulke advies te kry nie.

Danksy Virseker Besigheidshulp het u nou toegang tot telefoniese bystand van professionele adviseurs, mentors en deskundiges. Opgeleide agente sal gereed staan om u met u besigheidsbehoeftes te help.


Algemene Bepalings en Voorwaardes 2

Besigheid Portier Diens 2

Finansiële Advies Diens 2

Invorderingsassistent 4

Digitale Teenwoordigheid 5

Nood Mediese Bystand 6

Kantoorbystand 6

Ry Veilig en Ry Gemaklik 9

IT-Bystand Diens 9

Tenderbystand 10

Padbystand 10

Brandbystand 11

## Algemene Bepalings en Voorwaardes

Hierdie produkte en dienste word eksklusief aan ons Besigheidsversekeringspolishouers gebied.

Daar is geen koste verbonde aan die inligting, kwotasies of advies wat u besigheid ontvang wanneer die toegewyde hulplyn gebel word nie.

Tensy daar spesifiek anders vermeld word, sal daar 'n algehele beperking van drie insidente, of indien so vermeld, 'n beperkingsbedrag per diens, per polis, per jaar wees.

Sou u van eksterne dienste of produkte gebruik moet maak, wat deur die bystandsdiens gereël is, sal betaling van die dienste of produkte vir u eie rekening wees.

Waar 'n spesifieke insident nie as 'n noodgeval wat dadelike aandag verlang, gesien word nie, sal ons 'n verwysing vir enige spesifieke diensverskaffer verskaf en alle kostes sal vir u eie rekening wees. Alle dienste sal instandhouding van enige aard uitsluit.

Ons rig geen vertoë en bied geen waarborge van enige aard - hetsy uitdruklik of geimpliseer – ten opsigte van die paslikheid van produkte en dienste nie. Ons sal nie aanspreeklik gehou word vir enige direkte, indirekte, toevallige of gevolglike skade wat voortspruit uit die gebruik van ons produkte en/of dienste nie.

## Besigheid Portier Diens

24/7, 365

**Die meeste klein sake-eienaars het net daardie ekstra hand nodig om goedere, dienste en toerusting aan te koop. Dan is daar ook nog die moeite van afsprake bespreek, en reisplanne en verblyf reël.**

U **Besigheid Portier Diens** is 24/7 beskikbaar om u uit te help met die aankoop van goedere, dienste en toerusting, reisplanne maak en verblyf en ander telefoniese persoonlike bystandsdienste reël. Weens die volumes wat ons hanteer kan ons sekere goedere en dienste teen mededingende pryse aanskaf. Hierdie afslag word direk na u, ons kliënt, oorgedra.

## Finansiële Advies Diens

Maandag – Vrydag, 8:00 – 17:00

**Met hierdie diens kan u, as die besigheidseienaar, telefoniese finansiële advies wat deskundig en professioneel is, ten opsigte van 'n wye verskeidenheid van persoonlike finansiële onderwerpe ontvang. Hulle bied ook omvattende ondersteuningsoplossings wat onder andere, begrotings, finansiële beplanning, beleggings en skuldberedding, dek.**

## Kredietverslag

### Hoekom het u 'n kredietverslag nodig?

'n Finansiële adviseur se vertolking van u persoonlike kredietverslag sal met die doeltreffende bestuur van u finansiële gesondheid en krediet lewenstyl help. Gebaseer op die omstandighede in u verslag sal die adviseur u akkurate leiding kan gee oor 'n skuldkonsolidasieproses.

### Wat in u kredietverslag ingesluit is:

Ons sal u, as die besigheidseienaar, van 'n eenmalige persoonlike kredietverslag voorsien om u te help om u finansiële status, krediet geskiedenis en krediet telling, beter te verstaan.

U kredietverslag sluit die volgende in:

- 'n Persoonlike, gespesifiseerde opsomming
- Moontlike bedrogaanwysers
- Krediet gesondheidstelling
- Skuldopsomming
- Betalingsprofiel: Status van Kredietrekening/e
- Betalingsprofiel: Nasionale leningsregistrasie
- Openbare domein rekords
- Betalingskennisgewing
- Verbruikersinligting
- Eiendomsbelange
- Hoofskakels

Die diens is beperk tot telefoniese konsultasies onderhewig aan die beperkings soos uiteengesit is onder die Bepalings en Voorwaardes afdeling. Die kostes van verwysings sal nie ingesluit word nie en sal afsonderlik deur die relevante kenner aan u gefaktureer word.


[Na Inhoud]

## Finansiële Advies

Besigheidshulp se telefoniese, finansiële adviseurs verskaf advies op talle finansiële onderwerpe wat 'n impak op klein besighede het. Hierdie onderwerpe sluit in, maar is nie berperk tot die volgende nie:

### Trust

Telefoniese adviseurs kan u van, al die inligting wat u nodig het om te weet, voorsien, betreffende trusts, insluitende:

- Tipes trusts.
- Die voordeel van 'n trust.
- Wie 'n trust behoort te hê.

Ons help met maklike verwysings na kundige adviseurs, wie u kan bystaan om die nodige stappe te neem om 'n trust op te stel.

### Testamente

Meeste mense verstaan hoe belangrikdit is om 'n testament op te stel, maar is nie seker hoe om dit te doen nie.

Ons testament-adviseurs sal inligting verskaf oor:

- Die belangrike dinge om te oorweeg wanneer u 'n testament opstel.
- Wat gebeur indien u sonder 'n testament sterf en hoe u bates verdeel gaan word.
- Wie u boedel kan afhandel en die kostes verbonde aan die afhandeling van u boedel.
- Instruksies om te volg wanneer 'n testament geteken word.

### Skuldberading

Ons kan inligting en advies ten opsigte van 'n wye verskeidenheid skuldverwante kwessies gee, insluitende:

- Wanbetaling en nadelige lyste op u kredietverslag
- Stadige betalings
- Verstrekvonnis
- Skuldbeslagorder
- Administrasiebevel
- Sekwestrasie

### Basiese Finansiële Beplanning

Ons kan inligting en advies op 'n wye verskeidenheid skuldverwante kwessies gee, insluitende:

- Beleggings vir spesifieke doelwitte
- Beleggings vir aftrede
- Beleggings vir inkomste
- Risikobeplanning
- Lewensdekking, Ongeskiktheidsdekking en Gevreesde siekte-dekking

## Finansiële Berading

Hierdie is 'n telefoniese inbelsentrum wat u, as die sake-eienaar, en u direkte familie met die volgende sal help:

- Finansiële geletterdheidsvaardighede
- Skepping van 'n finansiële begroting
- Bestuur van begrotings
- Inkomste versus uitgawes inligting
- Finansiële behoefte analise om die vlak van skuld te bereken.

## Formele Skuldhersiening

Hierdie is 'n telefoniese inbelsentrum wat vir u, as die sake-eienaar en u onmiddellike familielede, sal help met:

- Die Formele Skuldhersieningsproses
- Kontak met u krediteure om hulle in te lig dat u onder formele skuldhersiening is
- Registrasie onder die Nasionale Kredietreguleerder
- Herskikking van terme met die betrokke krediteure
- Goedkeuring in die hof van die nuwe terme wat met die krediteure gemaak is.

  (die kostes sal in u herbetalingsplan met die krediteure ingebou word, dus is daar geen verdere impak op u persoonlike kontantvloei nie).

## Finansiële Advies - Bepalings en Voorwaardes

Tegemoedkomende en professionele finansiële adviseurs is beskikbaar om u, as die besigheidseienaar, telefonies by te staan, waneer ookal u hulp nodig het. Die adviseurs bied u drie oproepe per saak aan.

Byvoorbeeld: indien u 'n adviseur aangaande u testament bel, kan u voordeel trek uit hul toegewyde ondersteuning gedurende drie telefoniese konsultasies. Indien u dan wil uitvind oor persoonlike inkomste, kan u ook drie konsultasies hiervoor geniet.

Daarbenewens kan u ook verdere toegang tot die finansiële adviseur se rykdom van finansiële kennis bekom met gratis e-pos korrespondensie tussen die drie oproepe, per saak. Alle adviseurs is professioneel opgelei en het die vereiste kundigheid om u met goeie en onbevooroordeelde leiding van 'n buitengewoon hoë standaard, te voorsien.

# Invorderingsassistent

Maandag – Vrydag, 8:00 – 17:00

**Meeste Klein, Medium en Mikro-ondernemings (SMME) lei verliese as gevolg van onbetaalde fakture. Ons Invorderingsassistent voordeel bied u 'n groep adviseurs, gerugsteun deur 'n regspan. Hulle sal alle redelike stappe neem om u by te staan met onbetaalde fakture, sodat u besigheid nie finansieël geraak word nie, dit gun u die tyd om op u kernbesigheid te fokus.**

## Voordele

U het die voordeel om u uitstaande rekeninge te laat bestuur deur geregistreerde skuldinvorderaars wat ondervinding in kommersiële skuldinvorderings en verbruiker skuldinvorderings het. Geen risiko van enige handelsmerk skade.

## Omvang van dienste:

- Die invorderingsdiens sal in die 30 dae na plasing onderneem word, maar kan nie gewaarborg word nie.
- Ons gebruik 'n veelvuldige versameling van dienste wat bestaan uit:
  - skoonmaak van data;
  - opsporing;
  - invorderingsoproepe;
  - taktiese SMS pogings om betalings/kontakte te verbeter;
  - E-pos pogings om betalings/kontakte te verbeter, risiko segmentasie; en
  - verskeie betaalopsies insluitend DebiCheck, Pay@, Direkte Depositos, EGO, Master pass en Snapscan opsies.
- Administrasie van maandelikse betalingsreëlings todat die rekeningsbalans ten volle terugbetaal is.
- Ons doelwit is om vehalings van alle debieteure te verhoog, ongeag van grootte, terwyl ons sensitief bly teenoor u openbare voorkoms.
- Om uitmuntende kliëntediens in kommersiële skuldinvordering en verbruiker skuldinvordering te lewer.
- Indien benodig, sal ons sagte tot medium inbelsentrum invorderings doen.
- Op u versoek kan u rekeninge na 'n regsfirma verwys word vir verdere regsaksie. Die koste hiervan sal vir u eie rekening wees.
- Alle gelde wat ingesamel is sal na u bankrekening gekrediteer word, aan die einde van elke maand.



[Na Inhoud]

## Besigheidshulp Invorderingsassistent - Bepalings en Voorwaardes:

1. Alle invorderingsdienste is tot een voorval per jaar beperk.

2. Rekeninge moet binne 90 dae na die faktuur na ons verwys word.

3. Ons sal seker maak dat die dienste in 'n behoorlike en doeltreffende manier gedoen word, maar sonder enige waarborg van sukses.

4. Ons sal verseker dat ons alle vlakke van sorg, vaardigheid en ywer handhaaf, om ons in staat te stel om ons verpligtinge ingevolge hierdie kontrak na te kom.

5. Ons ondersteun en bevorder u belange en reputasie en sal niks doen om dit te benadeel of as dit nie in lyn met u belange is nie.

6. Ons sal die dienste met alle nodige spoed verrig, maar die wyse en tydsberekening van ons werksprestasie van die dienste is volgens die diskresie van Sigma en onderhewig aan nakoming van die bepalings van hierdie kontrak.

# Digitale Teenwoordigheid

Maandag – Vrydag, 8:00 – 17:00

**In vandag se mededingende aanlyn omgewing moet u digitale teenwoordigheid gestruktureer word om aan elke eindgebruiker se vereistes te voldoen – of dit nou die keuse van 'n mobiele foon, interessante webwerf inhoud, subskripsie opsies of aanlyn aankope is. Hierdie kenmerke moet geÏntegreer word met sosiale media platvorms en kommunikasie gedrewe sisteme, om voortdurend webwerfverkeer te bestuur en terugkeerkommunikasie te stimuleer.**

Terselfdertyd kyk webwerf-eienaars toenemend na die optimalisering en toepassing van gebruikersdata en webwerf-analise om beter aanlyn-kommunikasie- en bemarkingsbesluite te neem oor alle mediaplatforms, wat noodsaaklik is om hul besigheid vorentoe te bestuur.

**Besigheidshulp se diensverskaffers** spesialiseer in die ontwikkeling van volledige aanlynoplossings wat dien as optimale digitale markte met herhaalbare uitslae. Daarbenewens kan hulle u ook bystaan met enige handelsmerk of ontwerp vereistes soos 'n logo en e-pos handtekening ontwerp, promosie brosjures en pamflette, naamborde en voertuighandelsmerke, om maar net 'n paar te noem.

Om 'n klein besigheid te begin, vereis 'n magdom take soos die kies en verkryging van 'n perseel, aanskaf van personeel, verkryging van voorraad, opstel van administratiewe en boekhou sisteme en heel dikwels met beperkte hulpbronne en fondse.

Ons sal met die opstel van 'n digitale platform en bemarking van u aanlyn teenwoordigheid help en ook met u handelsmerk- of bemarkingsvereistes.

- **Korporatiewe identiteit** – U gee ons 'n vlugtige oorsig van u besigheid en ons sal vir u drie grafies-ontwerpte logo opsies gee om van te kies. Dis die ontwerp alleenlik, beelde en fotografie sal uitgesluit word.

- **Domeinregistrasie** – U gee ons die domein naam wat u vir u besigheid in gedagte het en ons sal vasstel of die naam beskikbaar is. Indien wel, sal ons u help om die domein te registreer, u e-pos rekeninge opstel en help om 'n bekostigbare maandelikse domein gasheerpakket te kies.

  Indien die domein nie beskikbaar is nie, sal ons u bystaan met alternatiewe naam keuses. Dit sluit nie die maandelikse Internet Diensverskaffer (ISP) koste in nie. Verskeie ISP pakkette is beskikbaar deur ons, afhangende van u vereistes van stoorspasie en die kostes hiervan sal vir u eie rekening wees.

- **Splat Skerm** – U gee ons die besonderhede insake u besigheid en ons sal 'n splat bladsy op u domein opstel wat u besigheidsdienste beskryf en kontakbesonderhede aangee – telefoonnommer, e-pos adres en sosiale media rekening skakels. Splat bladsye skep die ideale fondasie om dan u volle webtuiste se ontwerp vanaf te bou.

- **Facebook besigheidsbladsy opstel** – Die inligting van u spat bladsy sal gebruik word om u Facebook besigheidsbladsy op te stel en fokus op Facebook-kontakte wat op u besigheid van toepassing is. Ons sal u ook uithelp met die aanvanklike kuns wat vereis word – die banier, profielbeeld en aanvanklike pos. Dit sluit nie maandelikse bestuurs- en hupstootgelde in nie, maar ons het verskeie pakkette beskikbaar vir u eie rekening.

- **Direkte pos Bemarkingsveldtog** – Ons sal u van 'n gratis nuusbrieftemplaat voorsien waardeur u u besigheid aan 250 van u e-pos kontakte kan bekendstel. Ons sirkuleer dit deur 'n toegewyde nuusbriefstelsel en bied 'n volledige terugvoer verslag funksies soos:

  - aanduiding van slegte e-posadresse wat binne die gegewe databasis bestaan, en

  - wie op die boodskap gekliek het ('n goeie hulpmiddel vir opvolgverkoop-oproepe).

- **Gratis Konsultasie** – Om enige addisionele vereistes soos die ontwikkeling van u amptelike webtuiste, die ontwikkeling van 'n volle korporatiewe identiteit, wat amptelike maatskappykleure en lettertipes, besigheidskaartjies, e-pos handtekeninge, kantoorskryfbehoeftes naamborde en voertuighandelsmerke en soveel meer bespreek.

Die bogenoemde dienste bied u nie net 'n onmiddellike aanlyn teenwoordigheid nie, maar bied u ook die onmiddellike insameling van webwerf- analise en gebruikersdata om te help met verdere aanlyn kommunikasie- en bemarkingstrategieë. Die koste van die addisionele konsultasie en verwante dienste is vir u eie rekening, en is tot een voorval per jaar, met 'n jaarlikse limiet van **R4 250**, beperk.

# Nood mediese bystand

24/7, 365

Besigheidshulp bied onmiddellike toegang tot 'n toegewyde span van verpleegsters en paramedici, tesame met 'n nasionale span van geakkrediteerde mediese hulp diensverskaffers wie met 'n mediese noodgeval sal help.

## Nood mediese vervoer

In die geval van 'n mediese noodgeval sal Besigheidshulp die mees toepaslike metode van nood mediese vervoer reël en koördineer. U sal na die naaste mediese fasiliteit, wat in staat is om voldoende sorg te bied, vervoer word. Dit sluit vervoer deur pad- of lugambulans (afhangende van weerstoestande, vlugplanne en waar medies geregverdig is). Die vervoerkoste sal vir u eie rekening wees of deur u mediese fonds verhaal word.

## Mediese verwysings

Bykomend tot die nood mediese vervoerdiens, sal 'n oproep na dieselfde nommer ons professionele mediese personeel instaat stel om u deur 'n mediese krisis te help deur u noodadvies te gee. Die program sluit in verwysings na krisislyne in die geval van:

- Gesins- en huishoudelike mishandeling
- Verkragting
- Kindermishandeling
- Rou
- Selfmoord Noodlyn - Life Line
- Vergiftiging Noodlyn – In-huis

## Mediese advies

U het nou toegang tot gekwalifiseerde, professionele verpleegsters wat enige vrae en navrae oor algemene gesondheidsonderwerpe, simptome, medisyne, operasies, mediese toestande en siektes kan beantwoord.

Ons sal u deur 'n mediese krisis lei, sowel as u noodadvies gee wat verwysings na krisislyne, dokters, klinieke en hospitale in u area insluit. Die advies sluit inligting oor die volgende in:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorskrif Medikasie | Kontra-indikasie van medisyne | Koors | Versteurde visie |
| Slapeloosheid | Hoofpyne/Migraine | Maagkrampe | Antibiotikas |
| Vervalde medikasies | Behandeling van skaafplekke | Telefoniese KPR | Oorpyn |
| Allergieë | Vroue-/mansgesondheid | Aanvullings | Krampe |

Die advies en inligting is nie diagnosties nie, maar bied u toepaslike, relevante advies en inligting. Die diens laat u toe om inligting te kry voor u dokter toe gaan, wat u bevoordeel ten opsigte van kostebesparing en onmiddellike professionele advies.

U sal na 'n dokter verwys word indien die aard van die oproep nie as 'n tuisbehandelingsaak geklassifiseer kan word nie. Leeswerk oor bepaalde onderwerpe is ook beskikbaar.

Verwysings na:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naaste Mediese fasiliteit | Algemene praktisyne in u area | Naaste mediese vervoer | Gesondheids spesialiste |

# Kantoorbystand

24/7, 365

**Die Kantoorbystand voordeel bied u bystand wanneer u 'n kantoor noodgeval het.**

'n Kantoor noodgeval beteken enige skielike, onverwagte en/of onvoorsiene gebeurtenis by u primêre besigheidsgronde wat onmiddellike en/of dringende dienste van 'n plaaslike ambagsman benodig om verdere skade aan die gronde te beperk of tot die minimum te hou.

## Bepalings en Voorwaardes

- Hierdie voordeel is beperk tot kantoor noodgevalle en is slegs van toepassing tot u kwalifiserende / primêre besigheidsadres binne die grense van Suid-Afrika en wat gebruik word vir besigheidsdoeleindes, insluitende die buitegeboue.
- Algehele limiet van drie voorvalle of **R2 000** per polishouer, per jaar, is van toepassing.
- Die uitroepfooi en eerste uur se arbeid sal gedek word, alhoewel die koste van parte en addisionele arbeid vir u eie rekening sal wees.



[Na Inhoud]

- Waar die voorval nie as 'n noodgeval, wat onmiddellike aandag moet geniet, gesien word nie, sal ons 'n verwysing gee vir enige spesifieke diensverskaffer en die koste sal vir u eie rekening wees.
- Hierdie voordeel sluit onderhoud van enige aard uit.

## Uitsluitings:

- Vervanging van gloeilampe.
- Verstellings van termostate.
- Enige afstandbeheer of toegangsbeheer.
- Normale slytasie.
- Enige tipe kluis/e.

## Kennisgewing en Uitroepe:

Op u versoek sal ons inbelsentrum 'n kennisgewing van 'n noodgeval aan die polisie, verkeer, brandweer, ambulans, sekuriteit of enige ander nood diensverskaffers, uitstuur.

Mobiele kennisgewingsdienste:

U sal 'n sms kry om u op hoogte te hou van die jongste verwikkelinge op u aktiewe saak. Die onderstaande besonderhede sal na u mobiele foon gestuur word na u 'n saak aangegee het:

- Verwysingsnommer (dit stel u in staat om in te bel en enige een van ons konsultante kan instaan of verdere inligting verskaf)
- Wanneer 'n diensverskaffer aangestel is, sal die besonderhede na u gestuur word saam met die beraamde tyd van aankoms.
- Enige veranderings wat aan die saak gemaak is (nuwe diensverskaffer, addisionele versoeke, ens.)

## Dienste Gelewer:

Neem asseblief kennis dat elke voordeel op 'n individuele basis bestuur sal word en is hoogs afhanklik van verkeer, weersomstandighede en korrekte inligting wat ontvang is, soos die adres of area van die voorval.

Die Kantooronderhouds-diens program sluit die volgende nood dienste in:

1. Loodgieters
2. Glasherstellers
3. Elektrisiëns
4. Slotmakers

## Loodgieters:

Ons bied toegang tot loodgieters in omstandighede waar die noodgeval enige van die volgende insluit:

- Sigbare, gebarste waterkonneksies en pype.
- Verstopte dreine, toilette, baddens en wasbakke, wat verdere skade aan die besigheidsgronde aanrig.
- Nood geiser oorloop en kleppe (Latco en drukvrystelling) wat die verlies van warmwater en drukvrystelling-verwante probleme tot gevolg het.

## Uitsluitings:

- Jacuzzi, swembaddens, boorgate en boorgatpompe.
- Lek opsporingsinspeksies.
- Herstelwerk wat nie voldoen aan regulasies soos SABS en ander nie.
- Druppende krane.
- Vervanging van 'n gebarste geiser.
- Septiese tenks.
- Watertoevoer onderbrekings aan die besigheidsgronde.


[Na Inhoud]

## Glasherstellers:

### Ons voorsien die volgende glashersteller bystandsdiens:

- Glashersteller bystand is 'n 24-uur hulplyn, waar 'n diensverskaffer uitgestuur sal word om seker te maak dat die gebreekte gebou-glas professioneel vervang kan word; en
- gebreekte of erg gekraakte vensters wat kan lei tot toegang tot die besigheidsgronde.

Enige materiaal word uitgesluit en sal vir u eie rekening wees.

## Elektrisiëns:

Ons bied toegang tot elektrisiëns waar die noodgeval enige van die volgende insluit en kragonderbrekings tot gevolg het:

- Verspreidingsborde, stroombane en hoofkabels.
- Aardlekkasies.
- Geiser verbindings en elemente.
- Kragpunte.
- Lig toebehore of skakelaars.
- Weerlig skade aan bedrading.
- Veelvoudige gebrande verbindings van bedrading of kragpunte.
- Verbindings aan alle elektriese motors (bv elektriese hekmotor).

### Uitsluitings:

- Elektriese hekke en deure.
- Jacuzzi, swembaddens, boorgate en boorgatpompe.
- Lugversorgers en kommersiële verkoeling.
- Herstelwerk wat nie voldoen aan regulasies soos SABS en ander nie.
- Alle elektriese motors (bv elektriese hekmotor).
- Hoof elektriese toevoer onderbrekings na die die besigheidsgronde.

## Slotmakers:

- Indien die sleutels vir die hoof ingang of uitgang, van die besigheidsgronde, gebreek of verlore is (Dit sluit die buitegeboue in).
- Indien 'n persoon binne die besigheidsgronde of enige kamer daarvan toegesluit is.

### Uitsluitings:

- Inbraak insidente (u sal bygestaan word maar die koste sal vir u eie rekening wees).
- Motorhuise.
- Slotte.
- Vervanging van beskadigde slotte (u sal bygestaan word maar die koste sal vir u eie rekening wees).

## Addisionele voordele wat ingesluit is:

- Houtkappers en byeboere – betaal tot en met die per-insident limiet en alleenlik in dag ure.
- Plaagbeheerders - boorkewer/dekluise / stofmyte/kakkerlakke/vlooie en vismotte/miere/bosluise/bedluise/knaagdiere - betaal tot en met die per-insident limiet en alleenlik in dag ure.
- Indien 'n inbraak plaasvind, sal sekuriteitsbystand en waak-dienste op u versoek verskaf word. Dit sal vir u eie rekening wees.

# Ry Veilig en Ry Gemaklik

Of u nou na 'n partytjie huis toe vervoer moet word of u motor in is vir 'n diens, of gebreek het of al moet u net by die lughawe afgelaai word, Besigheidshulp sal verseker dat u veilig na u huis of werk vervoer word.

## Ry Veilig:

Die bestuurspan bestaan uit 'n reserwebestuurder, 'n motor en 'n hoofbestuurder, wat u huis toe in u eie motor sal vervoer, of indien verkies, in die verkose motor. Die reserwebestuurder sal agterna ry en die hoofbestuurder by u huis oplaai.

- Die diens is onderhewig aan beskikbaarheid gedurende spitstye.

  Ons definieer spitstye gebaseer op statistieke soos bv Oujaarsaand en Vrydag aande ens.

- Die motor se maak en model kan nie gespesifiseer word nie.

## Ry Gemaklik:

Indien u 'n bestuurder se hulp benodig om van punt A na punt B te kom, in een van ons huurmotor voertuie, kan ons professionele span van bystandbestuurders u van hulp wees. Of u nou tussen vergaderings hardloop, 'n lughawe oordrag verlang of u motor vir 'n diens in is en u deur die handelaar opgelaai moet word, kan u op **Ry Gemaklik** staatmaak vir bystand. Vooruit besprekings van 24-uur vir hierdie diens word vereis om oplaai tye te waarborg.

- Die diens is onderhewig aan beskikbaarheid gedurende spitstye.

  Ons definieer spitstye gebaseer op statistieke  soos, bv Oujaarsaand en Vrydag aande ens.

- Die motor se maak en model kan nie gespesifiseer word nie.
- Hierdie diens is tot 'n 4-passassier motor beperk, insluitende bagasie wat by die motor se maksimum kapasiteit pas.
- Sou 'n addisionele motor benodig word, sal die inbelsentrum uithelp op 'n beste poging basis en sal die tweede motor van die oorblywende jaarlikse reise afgetrek word.
- Passassiersmotors groter as 'n 4-passassier motor word van hierdie diensaanbod uitgesluit.

## Diens Sentrums:

Johannesburg | Pretoria | Kaapstad | George | Port Elizabeth | Durban | Oos-Londen | Nelspruit | Bloemfontein

Hierdie voordeel sluit **Ry Veilig** en **Ry Gemaklik** reise in, tot en met 'n radius van 50km per voorval. Enige addisionele kilometers wat gery word sal teen die diensverskaffer-koers gehef word. Sou u addisionele reise benodig, wat meer as u jaarlikse toegelate reise is, sal die inbelsentrum dit reël vir u eie rekening.

## Addisionele passassiers/aflaai punte:

- Hierdie diens is alleenlik beskikbaar vir u en beperk tot u versekerde motors. Tot en met 4 addisionele passassiers kan teen geen ekstra kostes vervoer word nie, mits die reis nie langer as 50km is nie en nie langer as 'n uur neem nie en ALMAL na een/hoof gereëlde adres geneem word.
- 'n Addisionele koste per addisionele/onbeplande aflaai punt sal gehef word. Hierdie reëling moet bespreek en goedgekeur word deur ons inbelsentrum om doeltreffende beplanning te verseker en vooruit betaling te reël en dus ons bestuurders te beskerm van die potensiële risiko om geld by hulle te hê.

# IT-bystand diens

Maandag – Vrydag, 8:00 – 17:00

Besigheidshulp se IT adviseurs bied telefoniese ondersteuning vir IT-verwante kwessies op rekenaars en skootrekenaars wat u in u besigheid gebruik. Ons adviseurs sal fout-vind tegnieke gebruik en gebruik maak van tegnologiese oplossings om toegang tot u rekenaar te kry en dan poog om alle kwessies op te los sonder om op die perseel te wees, insluitende die installasie van drukkers, opstel van nuwe toerusting en installering van sagteware.

In die geval dat die kwessie nie opgelos kan word nie, sal ons span, 'n tegnikus na u perseel uitstuur. Hierdie uitstuur diens word direk aan u gefaktureer teen onderhandelde tariewe.

## Tegniese Ondersteuning aanbod sluit in:

### 1. Fout-vind tegnieke of onderhouding van selfdiens webtuistes.

- Ondersteuning deur middel van telefoon
- Uitstuur van tegnici teen 'n ekstra koste
- Enkel Punt van Kontak met oproep eskalasies

### 2. Sagteware ondersteuning dek:

Toepassingsagteware gereedskap



[Na Inhoud]

### 3. Sisteem ondersteuning dek:

- Rekenaar bedieners; persoonlike rekenaars (PRs); werkstasies
- Dun kliënte; bergingstoestelle
- Terminale en randapparatuur

### IT-Bestuursdienste

Dit stel ’n besigheid in staat om IT-bedrywighede oor te skuif na ’n diensverskaffer, wat die verantwoordelikheid sal oorneem vir 24-uur kontrolering, bestuur en/of probleemoplossing van die IT-sisteme in u besigheid.

Hierdie diens sal u en u personeel help om op hul beste te presteer met so min as moontlik aftye. Die tradisionele manier van eers-breek-dan-hestel werk nie meer in die moderne besigheidswêreld nie en daarom maak ons dit ons verantwoordelikheid om te verseker dat u bedieners en lessenaars presies werk soos wat u dit wil hê. Ingenieurs sal u stelsels daagliks nagaan en verseker dat u IT reg is vir elke besigheidsdag.

### Wat sluit dit in?

Die Bestuursdienste oplossing sluit Windows-bedieners in, Microsoft-toepassingsbedieners soos Exchange en SQL, Windows- en Apple-lessenaars, Internet verbinding, insluitende ADSL-lyne en brandmure. Ons onderhou ook ’n ITIL-voldoenende diensbank met toegewyde personeel wat verseker dat elke insident aangemeld, aan gewerk en afgesluit word. Dit bied u ’n gedetailleerde maandelikse verslag van u IT-stelsels.

Ons tegnici het toegang tot bekroonde afstandbeheer sagteware wat hulle in staat stel om u personeel te help om so gou as moontlik weer terug te wees op hulle pos. Hierdie indrukwekkende ondersteuning is slegs ’n kliek weg. Kliek op ons diensverskaffer webwerf, en ons kan u rekenaar probleme laat verdwyn.

Ons diensverskaffers is hoogs opgelei en kom met jare se ondervinding van korporatiewe netwerke, wat ons op u omgewing kan toepas.

## Tenderbystand

Maandag – Vrydag, 8:00 – 17:00

**Die vermoë om relevante tenders/inskrywings vir u spesifieke bedryf dop te hou, kan duur en tydrowend wees. Tenderbystand laat u toe om te kies in watter industrië u werk en ons kan u help met pro-aktiewe kennisgewing van tenders/inskrywings soos dit op die voorgrond kom.**

Daar sal van u verwag word om ’n vraelys te voltooi, waar u u industrie-tipe beskryf asook enige tipe tenders/inskrywings waanin u sal belangstel. Ons span van adviseurs sal gebruik maak van verskeie tender/inskrywing soekenjins om u pro-aktief in kennis te stel van enige tenders/inskrywings wat in u verkose areas van besigheid, opduik.

Ons sal u telefonies help om die tender/inskrywing te voltooi en ook die relevante template aan u voorsien om te verseker dat u ’n professionele tender/inskrywing dokument kan voorlê.

## Padbystand

Ingesluit by die Motor – Omvattend; Motor – Derdeparty, Brand en Diefstal; en Bromperd dekkingafdelings.

**Hierdie voordele bied omvattende oplossings vir byna enige padnoodgeval:**

### Insleepbystand:

Dit sluit die volgende in:

- insleep na die naaste handelaar na ’n meganiese/elektriese onklaarraking;
- dekking vir die uitroep en een uur se arbeid vir ’n slotmaker indien u, u sleutels in u voertuig toegesluit het;
- dekking vir die uitroep en een uur se arbeid wanneer hulp met ’n pap band/battery benodig word;
- noodaflewering van 10 liter brandstof (teen kosprys vir u eie rekening);
- langs-die-pad verwysing;
- meganiese verwysing;
- aanwysingsdiens;
- 72 uur stoor na insleping;
- kennisgewing- en boodskapdiens vir familie of besigheid;


[Na Inhoud]

- indien u, na ’n onklaarraking, meer as 100 km weg van u tuiste gestrand is en u voertuig na ’n hersteller gesleep moet word, sal ons dit reël en **R500** betaal vir:

  - hoflikheidsvervoer vir u en tot ’n maksimum van ses persone na een benoemde bestemming

  OF

  - hotel akkommodasie vir u en tot ’n maksimum van ses persone as daar ’n oornag vertraging is

  OF

  - motorhuur vir ’n tydperk van 24-uur, onderhewig aan u voorsiening van ’n kredietkaartwaarborg en beperk tot huurkostes, aflewering en afhaal van die huurmotor, die eerste tenk brandstof en oorgee van die motor met aankoms by u bestemming.

Ons sal ook tot **R500** vir die koste van afhaal en terugbesorging van die motor na u besigheid, na dit herstel is, betaal.

Die Insleepbystandsdiens het ’n jaarlikse beperking van drie uitroepe per versekerde voertuig.

### Ongeluksbystand:

Dit voorsien:

- insleep na die naaste goedgekeurde duikklopper of werf na ’n ongeluk; en
- botsing prosedure advies.

Daar is geen beperking op ongeluksinsleping onder hierdie voordeel nie.

As u nie die aangewese insleepnommer na ’n ongeluk skakel nie, sal u persoonlik verantwoordelik wees vir die koste van die insleep en stoor van u motor. As u motor na ’n ongemagtigde plek gesleep word en daar gestoor word, sal herstellings vertraag word terwyl u die koste om u motor van die fasiliteit te onthef, onderhandel.

## Brandbystand

(Deel van alle Brand, Kantoorinhoud en Geboue Omvattende dekking)

’n Brand kan ’n verpletterende impak op u lewe hê. Dis juis die rede dat ons u dek met ons Brandbystand-voordeel om brandnoodgevalle te hanteer en skade te verminder wanneer u dit die nodigste het.

In die geval van ’n brand by u versekerde adres of binne die grense van die versekerde adres, sal ons die uitroepfooi en die koste van ’n privaat brandweerdiens dek om die brand te bestry en te poog om die skade wat veroorsaak is te minimaliseer.

Hierdie diens is beskikbaar in vennootskap met ons vertroude diensverskaffer in die volgende groot stedelike gebiede:

- Kaapstad
- Johannesburg
- Tshwane (Pretoria)
- Ekurhuleni (Oos-Rand)
- Ethekwini (Durban)
- Mangaung (Bloemfontein)
- Nelson Mandelabaai (Port Elizabeth)
- Buffalo City (Oos-London)

Indien u buite een van hierdie gedekte areas woon, sal u steeds toegang tot hierdie voordeel hê deur ons bystandnommer te bel. U sal egter vir alle dienskoste verantwoordelik wees. Alhoewel branddienste dalk buite die areas wat gelys is, beperk mag wees, sal daar ’n redelike poging aangewend word om bystand te lewer.

Slegs Motor-polishouers wat in die gedekte areas woon, kan ook toegang tot hierdie voordeel op eie koste kry.

**Let asseblief**

U of u verteenwoordiger moet by die brandtoneel:

- onmiddellike toegang tot die eiendom aan ons diensverskaffer gee om bystand te kan verskaf, en
- ons diensverskaffer vooraf waarsku oor enige diere en enige ander moontlike gevare en/of gevaarlike toestande by die eiendom.

Ons en ons diensverskaffer sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies, skade of besering wat veroorsaak word deur die toegang van die eiendom of gedurende die poging om die brand te blus nie.

06/2024

**Besigheidshulp**
**0861 47 73 22**
**Insleepdiens**
**010 493 9657**

virseker
'n Produk van Auto&General

Virseker is 'n produk van Auto&General, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en FDV.

06/2024

**Besigheidshulp**
**0861 47 73 22**
**Insleepdiens**
**010 493 9657**

virseker
'n Produk van Auto&General

Virseker is 'n produk van Auto&General, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en FDV.

06/2024

**Besigheidshulp**
**0861 47 73 22**
**Insleepdiens**
**010 493 9657**

virseker
'n Produk van Auto&General

Virseker is 'n produk van Auto&General, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en FDV.

06/2024

**Besigheidshulp**
**0861 47 73 22**
**Insleepdiens**
**010 493 9657**

virseker
'n Produk van Auto&General

Virseker is 'n produk van Auto&General, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en FDV.

**Brandbystand**

# 0861 02 66 63

**Bel die Virseker-Wegsleepdiens op**

# 010 493 9657

**en ons tref die reëlings – teen geen ekstra koste nie. Nou só 'n bek moet jêm kry!**

**Alle bystandverwante voordele kan heeldag, aldag en heeljaar bereik word deur**

# 0861 47 73 22

**te bel. Hierdie nommer is net vir noodgevalle en bystandoproepe.**
**As jy enige ander navrae het, bel u plaaslike versekeringslyn.**

39494_20/04/25i

virseker
'n Produk van Auto&General

Virseker is 'n produk van Auto&General Versekeringsmaaskappy Bpk, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en finansiële diensverskaffer.

Enige verwysing na "ons", "deur" of "met" op hierdie dokument verwys na Auto&General.

Bepalings en voorwaardes aanlyn.